



TOULEIER



Ons stap tot onder in 'n krater

Hoofstuk 3 Deel 6

Twee briewe terug het ek vertel hoe ek en Kamermaatjie een naweek die Japanese oorlogstonnels in Noord-Sulawesi gaan verken het. Die naweek daarna het ons pad gevat na vulkane toe. Amper soos KFC, het amper elke dorp een of twee van hulle. Sulawesi is besaai met sluimerende vulkane.

Die naaste een aan ons was sowat 12 kilometer weg en ons het verneem dat hy maklik bereikbaar is. Die gebied is baie bebos en die meeste van die tyd stap jy in 'n goed uitgetrapte groen tunnel tussen die struik en bome met die tipiese geluide van 'n woud om jou. Die varings groei orals ruig en dig teen mekaar. Van ver af al ruik mens die swaeldampe wat al hoe sterker word soos jy nader aan die kruin kom.

Ek skat die vulkaan was sowat honderd meter in deursnee en seker so 150 m diep. Op verskeie plekke op die bodem spiraal daar sulke lui pluime van rook en stoom uit die grond. In skerp kontras met die omgewing, is daar natuurlik geen plantegroei in die vulkaan nie. Dis egter 'n pragtige kaleidoskoop van basiese aardse kleure en geure wat jou sintuie begroet. Dit wissel van swart en grys en bleekwit tot die helder geel van swawelpoeier.

Daar is ook strepe en poele van pienk en pers en maroen soos die verskillende minerale uitloeg in hierdie smeulende oerkookpot van die natuur met sy naelstring gekoppel aan die magma in die maag van die aarde.

Ek en Kamermaatjie is natuurlik dapper muise en besluit toe om af te klim tot onder in die krater.

Hoewel die wande amper loodreg is, was daar darem 'n paar klein voetpaadjies sigbaar wat deur vorige waansinniges gemaak is en ons is katvoet met een van hulle af tot heel onder. Die heel tyd bly mens maar dink aan hoe vinnig jy weer sal kan uitkom. Sê nou maar net die affêre raak skielik weer aktief!

Dis nogal 'n hele ervaring om daar onder te kon wees. Die aardgasse is baie sterk en die grond is warm onder jou. Nou nie juis 'n plek waar jy gaan rondhang vir 'n pieknik nie, so ons het maar gou weer omgedraai en uitgeklim. Terug op die rand het ons 'n lekker plat klip uitgesoek en ons toebroodjies geniet wat die Franse sjef vir ons gepak het en die uitsig oor die eiland ingeneem.

Drie dae later hoor ons daardie selfde vulkaan het weer begin grom en tekens toon van hernude aktiwiteit. Ek kan net my voorstel hoe ons onself sou beskuit het as dit gebeur het terwyl ons daar onder in hom was!

Ons laat ons egter nie afsit deur sulke gebeure nie en beplan toe al klaar ons volgende uitstappie na 'n ander deel waar ons hoor daar kokende modderpoele en geisers is.

Blykbaar is die goed sommer so tussen die ryslande. Dis egter 'n paar uur se ry van ons kamp af en ons is genoodsaak om weer gebruik te maak van 'n plaaslike drywer sodat ons nie verdwaal nie.

Annabelle het intussen toe al weer 'n boek van Lonely Planet aangekoop wat oor Sulawesi gaan. Ons sal voornemende reisigers sterk aanraai om die gewoonte aan te kweek.

Die inligting daarin is gewoonlik ongelooflik akkuraat en bruikbaar vir beplanning en dit spaar mens ure se tyd en geldmors. Boonop is dit 'n skatkis van inligting en prikkel dit die geheue met al die mooi herinneringe van jou ervaringe na die tyd. Volgende keer verloor ons die motorsleutels in die modderpoele van Noord-Sulawesi.

Hennie Greeff
UITGEWER
Onrusrivier

Om die kampvuur

Boeta, was hulle VERKEERD! (7)



"Spoorvervoer teen 'n hoë spoed sal onmoontlik wees. Mense sal versmoor omdat hulle nie kan asemhaal nie."

- Dr. Dionysis Lardner, 1830.



Oom Jan Droëpan:
As 'n man sê: "Jy kan my maar glo" moet jy wakker wees!

Limeriek

Daar was 'n ou wolf van Pretoria
wat 'n aster wou flous met 'n stork
maar die blompie so teer het karate geleer
en sy skop hom toe skoon in sy gloria! - Philip de Vos

Tien maniere om beter Afrikaans te praat

Anglisismes kan metafores met onkruid vergelyk word. Net soos onkruid ander plante verdring, is anglisismes woorde en uitdrukkings uit Engels wat reeds bestaande Afrikaanse woorde en uitdrukkings verdring, vervang en mettertyd uit die volksmond laat verdwyn.

Dit is nie vreemd nie – Engels is 'n wêreldtaal en ook die lingua franca in 'n land soos Suid-Afrika waar sprekers van vele tale 'n manier moet vind om met mekaar te kommunikeer. Wat egter ook gebeur, is dat die Engelse "manier van praat" sy inslag in Afrikaans (en ander tale) vind, wat dikwels daartoe lei dat sprekers anglisismes gebruik sonder dat hulle daarvan bewus is.

Hier is agt voorbeelde van anglisismes wat algemeen in Afrikaans voorkom en gebruik word. Toets jouself!

1. Het jy 'n dokter *gesien*?

Jy sien met jou oë, maar jy **besoek** of **spreek** 'n dokter.

2. Ek is *oop* vir oortuiging.

Jy is eerder **vatbaar** vir oortuiging.

3. Ek het *uit* sigarette *gehardloop*.

Gebruik eerder: my sigarette het **opgeraak**.

4. Sy het haar motor lanklaas laat *diens*.

Diens is iets wat jy in 'n restaurant kry – gebruik eerder **versien** of **herstel**.

5. Jy het darem baie *gewig opgetel*.

Wanneer jy baie peusel, **sit** jy eerder baie gewig **aan**.

6. Dis moeilik om *parte* vir hierdie motor te kry.

Dis nog moeiliker om **onderdele** te kry, veral in die algemene spreektaal.

7. *Vat jou tyd*, die fliek begin eers vyfuur.

Daar is vele ander moontlikhede, soos **moenie haastig wees nie**.

8. Die saal was *gepak* vir die skoolkonsert.

In Engels is die saal **gepak**, in Afrikaans is die saal **stampvol**.

Lig trek vinniger as klank.

Dis hoekom party mense slim lyk totdat jy hoor wat hulle sê.

Hulle begin altyd die nuus met "Goeienaand!" en vertel jou dan hoekom dit nie een is nie.

Duskantlander in Anderkantland

Duitse markdag 'n wenner in Ghana

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.

Skuins duskant tienuur sit ons tweetjies aan by 'n tafel vir agt. Memory werk lank reeds hier, sy ken die instelling en begin reeds nog 'n tafel met ekstra stoele nader sleep. Afrikaners is mos plesierig en die manne sal honger aankom en die tannies se kooplus sal ver uithang.

Om ons is dit 'n miemes van bedrywigheid. Half-drom braaiers word gepak met kole en aangesteek en roosters word skoongebrand. 'n Hele sak uie word geskil en in dik skywe gesny, tamaties lê dikpens hoog gestapel op 'n houttafel.

Die eerste Saterdag van die maand is dit weer basaar markdag by die Goethe Instituut in Akkra. Sodra die manne deur die hek is, stap hulle doelgerig deur die stalletjies tot agter in die verste hoek van die jaart.

Onder 'n toegegroeide afdak met lui waaiers kry jy vir ou Russel en sy Ghanese vrou, Memory. Ou Russel is 'n bleskop Duitse mannetjie wat jare lank nog geen behoefte gehad het om terug te keer na Duitsland se presisie nie. Hy voer eenvoudig van die beste seleksie Duitse biere in en bedien dit met egte sauerkraut en bratwurst.

Almal knik en ken Russel. As hy eers aan die gesels gaan, is dit soos 'n gesprek met 'n kokketiel. Koppie wat skuins draai, maak g'n sin nie; met 'n skril stemmetjie herhaal Russel oor en oor niksseggende stront terwyl jou Bradwurst lê en koud word in jou bord.

Vir die vrouens is dit nie sommer net vir deurstep om ou Russel se boeppensie te bewonder in verlede week se vaal wessie nie. Kyk – Afrika se bont kleurspel betower elkeen op 'n ander manier. Daar is beslis ietsie vir elke smaak. Die 'groen'-tannies koop organiese slaablare en getapte kokos-olies. Handgemaakte seep met granaatsaad, lyfrome, tuisgebakte brode en konfynt in flesse.

Daar is altyd 'n reeks tweedehandse boeke, leersandale en skouersakke in bont Afrika-lap. Kindertjies loop en slurp lemonade uit plastiekbekers en jaag mekaar uitgelate tussen stalletjies en potplante rond.

“ **Sappige hamburgers, hoendersosaties warm van die rooster, vinnige vriendelike diens en koue bier teen 'n wennersprys.**

Vandag se vonds is ronde plat gebakte kleipotte met deksels. Voorheen het ek al hiervan gekoop, dis soortgelyk aan die Argiela-potte in Suid-Afrika en teen 'n fraksie van die prys. Pak jou vleis en groente, bestrooi dit met speserye en minimale vloeistof en bak in die oond. Een uur later smul jy aan iets wat net soos ouma se kossies proe, asof sy ure lank in jou kombuis kom kook het.

Bont lap is my dood. Ek vrek, maar stap nie verby mooi bont lap nie. Vanoggend het ek die hele week se broodgeld op lap uitgegee. Nee, ek weet nie waarvoor ek dit gaan gebruik nie, maar ek klou dit heimlik onder die arm vas toe ons terugklim in die mouter.

Hier sit ek; sielstevrede, lekker wild en woes gesnuffel en tierlantyntjies gekoop. My Vrystaatman het met die ander hardebaardmanne gekuier en Weissbier en Dunkels geslurp.

Die manne het kalmpies mekaar se sielle uitgetrek en die draak gestee met mekaar se doen en late. Net voor een is die markdag op sy besigste. Ou Russel het 'n baie eenvoudige wenresep bymekaar gesit. Sappige hamburgers, hoender sosaties warm van die rooster, vinnige vriendelike diens en koue bier teen 'n wennersprys.

Mense begin rondstaan en wag vir stoele en tafels om beskikbaar te word. Dis tyd om te gaan. Ons skuifel en wikkkel op pad na die hek tussen die mengelmoes van besoekers en bekendes. Dis 'n gegroetery en oulaas loer om te kyk of ons nie iets gemis het nie.

Die markdag is 'n versteekte pèrel wat ons deel met al die nuwe mense wat ons teëkom. 'n Hele sewe-en-twintig dae moet verby gaan voordat ons weer die joligheid van die Duitse Markdag kan geniet.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

1



GIF VIR 'N MAN

'n Getroude vrou stap by 'n apteek in en loop doelgerig op die apteker af.

"Ek soek 'n gif wat mense vinnig sal doodmaak," sê sy.

Heeltemal uit die veld geslaan wil die apteker weet hoekom sy dit nodig het.

"Ek wil my man vergiftig!"

"Goeie hemel! Wees tog genadig! Jy kan mos nie so iets doen nie – dis heeltemal teen die wet! Dis 'n sonde!"

"Sonde se gat!"

En toe krap sy in haar handsak en haal 'n foto uit waarop haar man en die apteker se vrou aan 't spyker is.

Die apteker het die foto bekyk en sê:

"Nou maar hoekom sê jy nie jy het 'n voorskrif saamgebring nie?!"

'n Vader is iemand wat foto's van sy kinders het op die plek waar daar voorheen geld was.

HARDE KLAP

Ek was op 'n besoek aan my dogter toe ek vra of ek haar koerant kan leen.

"Dis die 21ste eeu," het sy geantwoord. "Ons lees nie meer koerante nie. Dê, hier is my iPad."

Daai vlieg weet nou nog nie wat hom getref het nie.

BAKSTONE

Die ou van Brakpan daag met 'n tien ton lorry by die baksteenfabriek op.

"Maak vol!" beveel hy.

"Jinne," sê die man wat die laaiwerk organiseer. "Waar bou jy 'n huis?"

"Nie 'n huis nie. 'n braai-plek."

"'n Braai-plek?! Met so baie stene?"

"Ja, ek bly op die 14de verdieping."

RSVP VIR TROU

As jy 'n RSVP na 'n troue kry, sê:

1. Dankie, ons sal dit bywoon.
2. Jammer ons kan nie daar wees nie.

Wat jy beslis nie moet antwoord nie is:

3. Jammer, ons kan dit nie hierdie keer maak nie. Dalk die volgende keer.

**Wat is die verskil tussen vet en bloed?
Jy kan bloed skenk.**

ANDY CAPP deur Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Skaap se prys vir 'n budjie

Die outjie hoor 'n oom verkoop budjies. Hy suiker af na die oom en vra wat vra hy per budjie. R5, sê die oom. "Ek wil asb daai bloue hê, Oom."

"Luister Boet, die hele hok is vol budjies en almal is R5. Ek gaan nie die bloue probeer vang nie. Jy sal maar die eerste een wat ek vang moet vat."

Die outjie hou aan hy wil die bloue hê. Hy sien die oom begin hom vererg en sê: "Ek sal Oom betaal wat my pa vir 'n skaap betaal."

Baie vinnig gryp die oom sy vangnet en met 'n groot gesukkel vang hy die bloue.

In die proses skryf hy 'n paar ander budjies af. Hy sit die budjie in 'n papiersakkie met gaatjies en gee vir die outjie.

"Hoeveel betaal jou pa vir 'n skaap?"

"R35 per kilogram, Oom. Sal Oom asb die budgie weeg?"

Dis mos nou vinnige opgang!

Die voornemende joernalis gaan vir sy onderhoud. "Hoeveel is 1 en 1?"

"Elf."

Hm, dink die nuusredakteur. "Noem my twee dae in die week."

"Gister en môre."

Hm, dink die nuusredakteur. "Wie het Hendrik Verwoerd vermoor?"

"Jammer, ek het geen idee nie?"

"Dan stel ek voor jy gaan eers huis toe en vind uit."

Die kêrel haas hom na sy pelle wat sit en koffie drink. "Hoe het die interview gegaan?"

"Fantasties! Ek het nog nie eers die job nie en ek moet klaar 'n moordstorie skryf!"

SJINESE GEDIG

黃金錯刀白玉裝，夜穿窗扉出光芒。
丈夫五十功未立，提刀獨立顧八荒。
京華結交盡奇士，意氣相期共生死。
千年史冊恥無名，一片丹心報天子。
爾來從軍天漢濱，南山曉雪玉嶙峋。

Is dit nie pragtig nie?

Ek het begin huil waar dit sê 黃金

Blondie boer in die kerk

Blondie het nooit kerk toe gegaan nie. Op n dag sien die dominee sy woon die oggenddiens by. Daarna is sy soggens en saans, met bidure en Bybelstudie in die kerk. Na drie maande vra die dominee eindelijk vir haar:

'Wat gaan aan? Na al die jare wat jy nooit kerk toe gekom het nie, kan jy nou nie genoeg kry nie?'

Sy antwoord: 'Dis die nuwe motor van my, Dominee. Die verkoopsman het gesê: As ek EEN diens mis, verval my waarborg!'

Dinge het baie verander

Piet en Jan raak betrokke in 'n bakleiery by die skool.

TOE

'n Groot groep seuns vorm rondom die twee en hulle slaan mekaar dat die bloed loop, skud hande en die volgende dag is hulle dik pelle.

NOU

Polisie word ontbied en arressteer Jan en Piet.

Alle selfone met video's van die geveg word gekonfiskeer as bewysstukke.

Altwee word aangekla vir aanranding.

Altwee word geskors, al het Piet die geveg begin.

Die ouers word ingeroep vir konsultasie en die ander kindes wat die bakleiery gesien het kry trauma berading.

Die video van die onderonsie is beskikbaar op YouTube en versprei soos 'n veldbrand.

♦ Julle kan seker self uitwerk wat gebeur as dit Piet en Siphon is wat stry kry.

2015 SE DARWIN PRYSE

Dis weer tyd vir die jaarlikse Darwin Pryse vir die mense wat deur evolusie agtergelaat is.

Eers die eervolle vermeldings:

2. Die sjef in 'n Switserse hotel het sy vinger op 'n vleismasjien verloor en 'n eis by sy versekeringsmaatskappy ingedien. Die maatskappy het nalatigheid vermoed en 'n agent gestuur om ondersoek in te stel. Hy het die masjien aangeskakel en ook 'n vinger verloor. Die sjef se eis is uitbetaal.

3. 'n Man in Chicago het 'n uur lank gegrawe om 'n parkeerruimte vir sy kar in 'n sneeustorm te vind. Toe hy met sy kar in die oop ruimte aankom, het 'n vrou daar geparkeer. Dis te verstane dat hy haar geskiet het.

4. 'n Zimbabwiese busdrywer het by 'n onwettige kroeg stilgehou. Terug by sy bus het hy ontdek dat die 20 sielsiekes wat hy vervoer het, ontsnap het. Hy was nie bereid om sy nalatigheid dar te laat nie en het na 'n bushalte gery en 'n gratis rit aan 20 passasiers gebied.

Hy het hulle toe by 'n sielsieke inrigting afgelaai en aan die personeel gesê hulle is baie gespanne en geneig tot bisarre fantasieë. Die personeel het die fout eers drie dae later ontdek.

5. 'n Amerikaanse tiener was in die hospitaal besig om te herstel van ernstige kopwonde wat 'n aankomende trein hom toegedien het. Toe hy moes verduidelik, het hy aan die polisie gesê hy wou sien hoe lank hy kan wag om sy kop voor 'n aankomende trein weg te ruk.

6. In Louisiana het 'n man by 'n winkel ingeloopt, \$20 op die toonbank neergesit en kleingeld gevra. Toe die teller die kasregister se laai oopmaak, het die man 'n rewolwer uitgehaal en al die geld geëis. Hy het sy \$20 op die toonbank vergeet. Die geld in die kasregister was \$15.

7. 'n Ou in Arkansas wou baie graag 'n bier hê. Hy het besluit om 'n houtblok deur die drankwinkel se venster te gooi, drank te gryp en spore te maak. Die houtblok het teruggebons, hom teen die kop getref en uitgeslaan. Die ruit was van Plexiglas. Die hele episode is op video vasgelê.

8. 'n Man wat 'n ou dame in 'n winkel beroof het is deur die polisie aangekeer. Hulle het hom teruggeneem winkel toe en gesê hy moet staan vir positiewe identifikasie. Waarop hy gesê het: "Ja, konstabel, dit is sy. Dis die vrou wie se beursie ek gesteel het."

9. Die nuuskanaal Ann Arbor News het gerapporteer van 'n man wat by 'n Burger King ingeloopt, 'n vuurwapen uitgepluk en kontant geëis het. Die klerk het gesê hy kan nie die laai sonder 'n kosbestelling oopmaak nie. Die man het 'n brekfis met uieringe bestel. Toe die klerk sê hulle het nie uie nie, het die gewapende man omgedraai en weggevlug.

En nou vir die wenner:

In Seattle het 'n man probeer om petrol uit 'n gemotoriseerde woonwa te suig. Die polisie het opgedaag en 'n baie naar man aangetref waar hy langs die voertuig naby riool gelê het. Hy het sy pyp per abuis aan die riooltenk pleks van die petroltenk gekoppel. Die woonwa se eienaar het geweier om 'n klag te lê. "Dis die lekkerste wat ek nog gelag het en ek dink hy is genoeg gestraf," het hy aan die konsabel gesê.

In die belang van 'n beter samelewing moet julle dit met jul vriende deel. Behalwe as een van hulle 'n verlangse familielid of 'n verlore vriend is. In daar geval moet julle bly wees dat hulle verlans en verlore is.

******* ONTHOU *******

Hulle loop tussen ons. Hulle kan aanteel en hulle kan stem. Wees altyd op jou hoede!



MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

In die weermag leer jy om te steel

Deur JOHAN KRITZINGER

BEHALWE vir die dril en skiet, leer 'n mens geweldig baie in die weermag. 'n Ander belangrike ding wat ek geleer het om te doen, is om te steel. As jy nie in die weermag steel nie, kan jy eenvoudig net nie oorleef nie.

Soos dit maar oral oor in die lewe gaan, is daar mos losgatte wat nie hul goed kan oppas nie. Dus, as hul goed wegraak loer hulle rond en dan vat hulle jou goed. As jy sien iets van jou uitrusting is weg, loop jy rond tot jy dieselfde uitrusting sien rondlê. Sela, jou probleem is opgelos.

Voordat iemand jou sien, gryp jy die kit wat so rondlê. Mens moes ten alle tye rekenskap kan gee van al jou uitrusting. As daar iets wegraak, moet jy stoor toe gaan en daardie artikel koop. Spaar geld en steel liever, was ons leuse.

Ons moes naderhand ons klere, wanneer ons dit gewas het, met ketting en slot aan die wasgoeddraad vasketting. Maar daarvoor was daar ook 'n oplossing. As jy twee bajonette oorkruis tussen die slot se oor gesit het, en die bajonette van mekaar getrek het, het die slot uitmekaar gespat. Niks was veilig in die weermag nie.

'n Ander belangrike les wat ons in steel geleer het, was om nie net een van 'n ding te steel nie. As ons in die kombuis moes gaan help, het ons monde gewoonlik gewater vir die blikkies vrugte of kondensmelk. Eendag was iemand baie lus vir kondensmelk en steel toe 'n blikkie uit 'n boks. Die kokke het dit onmiddellik agtergekom. Die hele groep was natuurlik in die moeilikheid.

Steel dus die hele boks kondensmelk. En as jy klaar is gooi, jy die leë boks sowel as die blikkies by 'n ander barak se asblik. Dit was 'n briljante les wat ons geleer het. Meer as een maal het ander barak die spit vir ons feesmaal afgebyt.

Nog 'n les wat ek nie mooi kon verstaan nie, was die les van as een roof aanjaag, dan kom almal in die moeilikheid. Daardie klomp luigatte het ons vinnig op ons eie manier uitgesorteer.

So 'n klomp jong manne saam en die weermag se kos akkordeer nie altyd met die troepe se verteringstelsels nie. As hulle gaan sit om te skyt, skyt hulle binne en somer bo-oor die toilette. Dus, wat het ons aan die luigatte gedoen? Ons laat hulle die toilette met hul tandeborsels skoonmaak. Nadat ons die tweede luigat uitgesorteer het, was die probleem permanent opgelos.

Behalwe vir die luigatte was daar natuurlik ook die vuilgatte. Hulle het ons net so in die storte met hul klere aan ingesit en die kraan oopgemaak. En dan het die groot skrop begin. Ná 'n halfuur het daardie man geblink van skoonheid, en daarna gereeld gaan stort.

As ek so aan daardie dae dink, dan kan ek nie help om terug te verlang nie. Dit is so 'n snaakse liefde-haat-verhouding wat 'n mens met die weermag gehad het.

Vroue sal nooit mans se gelyke wees nie –

nie voordat hulle met 'n kaal kop en 'n biermaag in die straat kan afloop en nog dink hulle is sexy nie.

**Rum en ys beskadig jou lewer.
Vodka en ys jou pankreas.
Brandewyn en ys is sleg vir jou brein.
Cane en ys laat jou sleg sien.
Jenewer en ys is sleg vir jou reputasie.
Whiskey en ys maak 'n gat in jou beursie.
PASOP:
YS IS BAIE SLEG VIR JOU!**

Stamboom

Help ons familiesoekers

Botha (Annie) petersenlynette123@gmail.com

Geboorteplek Calitzdorp 1880? Getrou met Allan Mcivor. Sy het 'n seun gehad Allan Johannes Jacobus Mcivor.

Coombs mcoombs@iafrica.com

Op soek na Bethulie en Oos-Kaap familie kontakte.

Kasselman cw.bezuidehout@gmail.com

Soek na Kasselman-familie van Schweizer Reneke.

Oupagrootjie Daniel, Casparus Kasselman, Mooilaagte, Schweizer Reneke.

Oupa - Joachim Petrus Kasselman - Oorlede op Mooilaagte Sterfdatum vroeë veertiger jare.

vader - Gert Johannes Jacobus Kasselman

Van den Berg jordaan.trix@gmail.com

My ouma, Theresa Van den Berg, gebore 4/2/1015) van Sterkstroom is met my oupa Jan Johannes Greyvenstein getroud, (gebore 15/12/1907) en hulle het daarna in Burgersdorp gaan boer. Ek onthou dat 'n Tannie Alice van den Berg (oujonqnooi) by my ouma-hulle op die plaas gebly het en sy het ook baie van 'n broer (dr. of prof.?) Marin van den Berg gepraat. Kan enige iemand my meer inligting oor die res van my ouma Theresa se familie gee?

Sjinese dokters is slim!

'n Sjinese dokter het in Amerika gesukkel om by 'n hospitaal werk te kry. Hy begin toe 'n kliniek en hang 'n bord uit:

KRY BEHANDELING VIR \$20. AS DIT NIE WERK NIE KRY JY \$100 TERUG.

'n Amerikaanse prokureur dink dis 'n maklike manier om geld te maak en besoek die kliniek.

Prokureur: "Ek het my smaak verloor."

Sjinese dokter: "Nurse, bring vir my 3 druppels uit bottel nommer 22 en sit dit in die pasiënt se mond."

Prokureur: "Jeggg! Dis dan petrol!"

Dokter: "Korrek. Jou smaak is herstel en jy skuld my \$20."

'n Paar dae later probeer die prokureur sy geld terugmaak. Hy besoek weer die kliniek.

"Ek het my geheue verloor. Ek kan niks meer onthou nie!"

"Nurse, bring vir my 3 druppels uit bottel nommer 22."

Die prokureur is boos. "Dis dan dieselfde goed wat jy laas vir my vir my smaak gegee het - dis petrol."

"Geluk," sê die dokter. "Dit sal \$20 wees, jy het jou geheue teruggevind."

Nou is die prokureur eers kwaad. Hy wil sy geld met rente terughê en besoek weer die kliniek.

"Ek het my sig verloor - ek kan amper niks meer sien nie!"

Dokter: "Wel, ek het nie medisyne daarvoor nie, so hier is jou \$100."

Prokureur: "Maar dis net \$20!"

Dokter: "Korrek. Jy kan weer sien. Jy skuld my \$20."

Jy kan nie 'n Sjinese dokter klop nie.

VRAE EN ANTWOORDE

Vrae en antwoorde van die Assosiasie van Afgetrede Persone.

V: Waar kan mans van ouer as 60, jonger dames vind wat in hulle belangstel?

A: Probeer die Biblioteek onder die afdeling: Fiksie.

V: Hoe kan n mens jou sestigjarige man se polsslag verbeter?

A: Vertel hom jy is weer swanger.

V: Hoe kan mens daardie vervloeking van oumensplooie vermy?

A: Haal jou bril af.

V: Ernstig, hoe kry ek die al daai plooië uit my gesig?

A: Loop sonder 'n bra. Dit sal jou gesigvel mooi glad trek.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

Toe sê hy: 'Ja, maar biltong is nie vleis nie!' Die bevinding dat biltong kort duskant gif is, het my daaraan herinner.

Deur **JOHAN VAN WYK**

Jare gelede kuier ek by die minsame oom Choet Visser in Bloemfontein. Hy is lankal oorlede, maar word steeds onthou as 'n groot rugbyliefhebber en vir sy unieke rugbymuseum. Hy was ook 'n gewilde Springbokspanbestuurder

Dis sy verjaardag. Die tafel kreun onder 'n skaapboud, gepekeldde beestong in rosyntjies, 'n varkrolrib en hoenderpastei. Maar al wat oom Choet op sy bord laai, is die bykosse.

"Ek het 'n vegetariër geword," kondig hy half verskonend aan.

"Maar oom Choet," terg ek, "jy lieg mos nou! Wat van die bak gekerfde beesbiltong wat jy netnou saam met die drankies verslind het?"

Toe sê hy: "Ja, maar biltong is nie vleis nie!" Die bevinding dat biltong kort duskant gif is, het my daaraan herinner.

Ek het op vleis en brood grootgeword, en net die dood sal my waarskynlik daarvan skei

Maar 'n vegetariër? Dit werk blykbaar vir musikante. Nico Carstens, een van die beste trekklauierspelers ter wêreld, het my een aand in Buenos Aires vertel hoe hy drank, sigarette, vroue, wilde laat nagte en rooivleis uit vrees vir sy gesondheid in sy middeljare gelos het. Hy kap aan op pad na 90.

Maar dis 'n feit soos 'n koei dat al hoe meer sensitiewe omgewings- en gesondheidsbewuste mense wêreldwyd 'n toenemende weersin het in die doodmaak van diere vir menslike gebruik.

Ek draai deesdae my oë weg as ek by 'n vragmotor volgeprop met skape en beeste verbyry terwyl die urine en mis van die getraumatiseerde diere langs die kante afstroom. Of vir die angs en skok in die oë van vreesbevange, verwilderde diere wat met die reuk van bloed in hul oopgesperde neusgate die drukgang na die dood by slagpale betree.

Foto's van 'n arrogante jagter met sy duur geweer langs 'n pragtige dooie wildsbok, vergiftigde aasvoëls, 'n luiperd en ystervarkies waarvan 'n poot in 'n wrede slagyster vergruis is, en skilpaaie en uile wat op snelweë verpletter is, maak my hartseer.

Ek sit my mond lankal nie meer aan organe soos lewer en niertjies nie, byt langtand aan afval, sukkel om selfs 'n slak of 'n spinnekop te vermorsel (maar darem nie vlieë en muskiete nie!), doen moeite om 'n verdwaalde heuningby lewend uit die huis te kry, draai 'n omgevallende toktokkie of 'n miskruier op sy pote, druk 'n erdwurm weer in die grond en blaas liewenheersbesies versigtig van my hand af.

Toe my vrou onlangs met 'n verruklike bont nguni-vel by die huis aankom (teen wat 'n kar vroeër gekos het!) en in die voorportaal ooprol, het ek dit opgetel en oor 'n leerbank gegooi. Ek wou nie daarop trap nie. As ek stip na die vel kyk, sien ek in my geestesoog 'n trop nguni's wat vreedsaam in die boswêreld van Noord-Natal wei. Dalk is ek tog met die helm gebore.

Ja, ek eet steeds biltong. Choet Visser het gesê dis nie vleis nie en ek glo hom.

**Kammanuus verskyn weer
op 14 MAART 2016.**